Wees Uself
LS JvR
Laerskool Jan van Riebeeck
ADRES: Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
E-POS: ontvangs@jvrprim.co.za
WEBTUISTE: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za
TEL: 021 423 4209

Wintersport inligtingsaand samevatting 13 Februarie 2024

Ons sien uit na ‘n bedrywige winterseisoen met baie toernooie en wedstryde wat reeds bevestig is. Dit is belangrik dat ouers die skoolkalender bestudeer om seker te maak op watter dae daar reeds wedstryde plaasvind om sodoende nie naweke uitstedig te wees of kinderpartytjies te reël nie.

1. **<u>Wedstrydbepalings</u>**

**<u>Kwartaal 1</u>**

- Sat, 17 Feb: o.13 Rugby by Hoërskool Jan van Riebeeck (Onder-die-berg toernooi)
- Vry, 8 – Sat, 9 Mar: Porterville Bulfees o.12A – o.13A Netbal en o.13A Rugby
- Woe, 13 Mar: o.7 - o.11 Rugby weg by Pinehurst

**<u>Kwartaal 2</u>**

- Sat, 6 Apr: Durbanville o.10A Netbaltoernooi
- Vry, 12 Apr: VRS o.13A Hokkietoernooi
- Sat, 13 Apr: TableView Netbaltoernooi o.10A – o.13A
- Sat, 13 Apr: Sunningdale Netbaltoernooi o.10 – o.13 B & C spanne
- Sat, 13 Apr: Sunningdale Rugby o.7 – o.13
- Vry, 19 Apr: o.7 – o.13 Rugby tuis @ Curro Durbanville
- Vry, 03 Mei: 3Hoek (FDC, Goudini & Edgemead) Hokkie Tuis
- Sat, 04 Mei: 3Hoek (FDC, Goudini & Edgemead) Rugby en Netbal Tuis
- Vry, 10 Mei: Sportdag vs LS Mikro Hokkie Tuis
- Sat, 11 Mei: Sportdag vs LS Mikro Rugby en Netbal Tuis
- Do, 16 - Sat, 18 Mei: FairCape Netbaltoernooi te Durbanville (o.7 – o.9)
- Sat, 18 Mei: o.7 – o.13A Rugbytoernooi te Porterville Weg

- Sat, 01 Jun: o.7 – o.9A Mini-Rugbytoernooi te Durbanville
- 10 - 14 Jun: Suid-Kaap Sporttoer Rugby (o.13A), Netbal (o.12A & o.13A) & Hokkie Seuns en Dogters o.13A

**Kwartaal 3**

- Vry, 12 Jul: Hokkie Stellenbosch o.7 – o.9 A & B
- Sat, 13 Jul: Hokkie Stellenbosch o.10 – o.13 A & B
- Woe, 17 Jul: Rugby o.7 – o.13 @ LS Kenridge Weg
- Vry, 19 Jul: Netbaldag o.10 – o.13 B & C spanne Tuis
- Woe, 24 Jul: Rugby o.7 – o.13 @ LS Koos Sadie Tuis
- Woe, 24 Jul: Netbal o.7 – o.13 @ LS Tableview Tuis
- Vry, 26 Jul: Hokkie @ Curro Langebaan o.7 – o.13 Weg
- Sat, 27 Jul: Rugby & Netbal o.7 – o.13 @ Curro Langebaan Weg
- Woe, 31 Jul: Netbal o.7 – o.13 @ LS Kampsbaai Tuis
- Woe, 31 Jul: Rugby o.7 – o.13 @ LS Goodwood Tuis
- Sat, 03 Aug: Mini-sportdag Tuis Netbal & Rugby o.7 – o.9 @ Tuis
- Woe, 07 Aug: Rugby & Netbal o.7 – o.13 @ LS Brackenfell Tuis
- Vry, 16 Aug: Interskole @ Dirkie Uys Hokkie Tuis
- Sat, 17 Aug: Interskole @ Dirkie Uys Rugby & Netbal Tuis
- Vry, 23 Aug: Tableview mini-netbaldag o.7 – o.9
- Sat, 24 Aug: J.W.G. Netbal o.13A Weg
- Vry, 30 Aug: Welgemoed Sportdag Hokkie Tuis
- Sat, 31 Aug: Welgemoed Sportdag Rugby & Netbal Tuis

Neem asb. kennis dat die bogenoemde sportdae en toernooie reeds bevestig is. Die ligawedstryde vir netbal en hokkie het ons nog nie ontvang nie. Dit sal op die kalender verskyn sodra ons dit ontvang. Netbalwedstryde word op Woensdae gespeel en hokkiewedstryde op Donderdae, uitsluitend toernooie.

## 2. Ouderdomsgroepe en reëls

- Jou ouderdomsgroep word bepaal volgens hoe oud jy die jaar word, m.a.w. indien jy hierdie jaar 11 word, neem jy deel in die o.11-ouderdomsgroep.
- Rugby speel o.10 en 0.11's saam in die o.11 ouderdomsgroep en die o.12 en o.13's speel saam in die o.13 ouderdomsgroep.
- Hokkie speel slegs die o.12 en o.13's saam in die o.13 ouderdomsgroep
- Netbal het spanne vir elke ouderdomsgroep vanaf o.7 – o.13.
- Geen leerder mag in 'n span speel as hy/sy oor ouderdom is nie.

## 3. Kies van spanne en rotasie

### 3.1 Mini-netbal, rugby en hokkie (o.7 – o.9)

- Spanne word deur die afrigters gekies.
- Ons fokus op verskillende spanne bv. die blou- en oranjespan en nie op A en B-spanne nie.
- Spelers wat nie oefeninge bywoon of laat weet dat hulle afwesig gaan wees nie, sal nie in aanmerking kom om die volgende wedstryd te speel nie.
- Die fokus op die ontwikkeling van vaardighede.
- Netbal: spelers kry geleentheid om verskillende posisies aan te leer en verskillende posisies tydens oefeninge en wedstryde te speel.
- Netbal: ekstra oefensessies word op Donderdae aangebied om vaardighede te verbeter.

### 3.2 Netbal, rugby en hokkie (o.10 – o.13)

- Spanne word deur die afrigters gekies.
- Spelers wat nie oefeninge bywoon of laat weet dat hulle afwesig is nie, sal nie in aanmerking kom om die volgende wedstryd te speel nie.
- Spanne word gekies volgens spelers se vaardighede.
- A, B en C spanne word identifiseer.
- Wanneer 'n speler as reserwe gekies word vir 'n liga-wedstryd, is die speler 'n reserwe en daar is geen verwagting dat die speler daardie wedstryd gaan speel nie.
- Tydens toernooie, waar meer as een wedstryd gespeel word, sal alle spelers 50% van die wedstryde speel.

Neem asb. kennis dat ons vanjaar in baie meer toernooie ingeskryf het om vir al ons spanne soveel moontlik geleenthede te gee. Ons skryf al ons spanne ook vir die ligas in, maar alle skole het nie noodwendig altyd genoeg spanne om al ons spanne te akkommodeer nie.

## 4. Kommunikasie (WhatsApp en nuusbrief)

- Alle kommunikasie vind via WhatsApp Communities plaas.
- Daar is ‘n oorhoofse groep vir elke sportsoort. Die oorhoofse groep se kommunikasie is eenrigting en ouers sal nie boodskappe kan terugstuur nie.
- Daar is ‘n groep vir elke ouderdomsgroep per sport. Alle kommunikasie rakende wedstryde, watter spelers speel en vervoerreëlings sal op die groepe gekommunikeer word. Hierdie groepe is tweerigting en ‘n ouer/voog kan boodskappe op die groep stuur. Die doel van die groep is om enige navrae te beantwoord. Ouers/voogde kan daarop laat weet indien ‘n speler laat gaan wees of siek is, vervoer reëlings tref, ens. Gebruik asseblief die groepe verantwoordelik.
- Tydens toernooie sal alle inligting via Whatsapp uitgestuur word en dit sal ook in die weeklikse nuusbrief verskyn.
- Wedstrydreëlings sal ‘n week voor die bepaalde wedstryd aan ouers/voogde gekommunikeer word.

## 5. Kanale vir navrae

- Indien daar vrae is oor spankeuses, moet daar direk met die afrigter kontak gemaak word. Alle afrigters se kontakbesonderhede verskyn op die wintersportprogram.
- Indien jy enige inligting wil bekom rakende tye vir toernooie, sportdae, wedstryde, oefening, ens. kontak die sportorganiseerder.
- Indien jy enige bekommernisse of vrae het, kontak die Hoof van sport.
- Indien jou vrae nie beantwoord is nie en jy het al die kanale gevolg, kontak die Skoolhoof.

## 6. Vervoer

- Alle ouers moet vir elke wedstryd toestemming gee dat hul kind/ers mag speel en vir vervoerreëlings.
- Indien jy aandui dat jou kind/ers met die bus ry, moet die kind/ers met die bus ry. Ons bespreek busse vir die aantal leerders en daar is groot kostes verbonde aan die huur van busse.
- Indien ‘n leerder met eie vervoer na wedstryd/toernooie vervoer kan word, sal dit die skool baie help.
- Enige leerder wat met die bus moet terugkom na wedstryde/toernooie en nie meer op die bus gaan terugry nie, moet dit eers met sy/haar afrigter reël. Die ouer/voog van die kind/ers moet ‘n boodskap stuur om toestemming te gee dat die leerder/s nie meer met die bus terugry nie. Sonder toestemming moet die kind op die bus terugry skool toe.

## 7. Reëndae

- Indien enige oefening/toernooi/sportdag weens reën of gure weer gekanselleer word, sal ‘n boodskap om 12:00 via WhatsApp op die betrokke dag uitgestuur word.

- Ons sal selde sportoefeninge of wedstryde as gevolg van reën kanselleer.
- Indien ons weg speel en die ander skool kanselleer die wedstryd/toernooi, is daar ongelukkig niks wat ons daaraan kan doen nie.

**8. Uitdagings vir sport**

- Leerders wat onttrek van wedstryde/toernooie op kort kennisgewing
- Leerders wat sportklere of -toerusting by die huis vergeet of nie die korrekte sportdrag inpak nie. Maak asb, seker oor alle sportdrag en toerusting as jy weet jou kind/ers speel die volgende dag 'n wedstryd.
- Ouers wat nie reageer op kommunikasie nie. Dit maak die reëlings vir vervoer en spanne baie moeilik. Reageer so spoedig moontlik as jou kind/ers gekies is om wedstryde/toernooie te speel.
- Opposisie onttrek van sportdae of gee baie laat kennisgewing. Dit is ongelukkig buite ons beheer en ons sal so spoedig moontlik inligiting deurgee.

**9. Kontakbesonderhede:**

- Skoolhoof – Mnr. Naas Beets: skoolhoof@jvrprim.co.za
- Hoof van Sport – Mnr. Leon Hanekom: leon@jvrprim.co.za
- Sportorganiseerder – Mnr. Rashard Fuller: sport@jvrprim.co.za
- Hoof van Netbal – Me. Ischké Felix: ischke@jvrprim.co.za
- Hoof van Rugby – Mnr. André Lourens: andre@jvrprim.co.za
- Hoof van Hokkie – Me. Maricqe Coetzer: maricqe@jvrprim.co.za